

<b>1</b>	GEBED
----------	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	DEEL (20 minute)	<i>[STILTETYE]</i> OPENBARING 19 - 22
----------	------------------	--

**Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks** wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Openbaring 19 - 22). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	MEMORISERING (5 minute)	<i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> REPETEER DIE BYBELVERSE IN DIE JOHANNES EVANGELIE
----------	-------------------------	--

**Repeteer twee-twee:** die laaste 5 Bybelverse wat jy uit die Johannes Evangelie uit jou kop geleer het.

(16) Johannes 16:8. “En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan My kant is, en dat die oordeel al gekom het.”

(17) Johannes 16:13. “Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.”

(18) Johannes 16:14. “Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal hy aan julle verkondig.”

(19) Johannes 17:15. “Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar.”

(20) Johannes 18:36 “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.”

<b>4</b>	BYBELSTUDIE (85 minute)	<i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> SAMEVATTING VAN DIE EVANGELIE VAN JOHANNES
----------	-------------------------	---

**Inleiding.** ’n Samevatting van enige boek in die Bybel sou die volgende vrae moet beantwoord:

- Wie is die skrywer, wanneer en waar is die boek geskryf en wat is die doel van die boek?
- Hoe sou die boek ingedeel moet word en wat is ’n goeie titel vir die boek en vir elke hoofstuk?
- Wat is die belangrikste leerstellige gevolgtrekkings uit die boek?
- Wat is die belangrikste praktiese lesse uit die boek?
- Wat is die relevansie van die boek vir ons tyd en land?

#### A. DIE SKRYWER, DATUM, PLEK EN DOEL VAN DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

##### 1. Die skrywer, datum en plek waar die Evangelie geskryf is.

Die skrywer noem homself ‘die dissipel vir wie Jesus baie lief was’ (Johannes 21:20). Dit was die apostel Johannes. Hy het geskryf as ’n volgeling van Jesus Christus en getuig van wat hy gesien en gehoor het. Volgens die kerkvader Irenaeus wat in 170 n.C. geleef het, is die Evangelie van Johannes geskryf deur die apostel Johannes in Efese (Efese lê in moderne Turkye). Die Evangelie van Johannes is tussen 70 en 98 n.C. geskryf, maar ons weet nie of dit vóór of ná sy ballingskap op Patmos of vóór of ná die boek Openbaring geskryf is nie.

##### 2. Die doel waarom die Evangelie geskryf is.

Die doel van die Evangelie van Johannes staan in Johannes 20:30-31. Johannes het gesê dat hy hierdie Evangelie geskryf het sodat sy lesers sou glo dat Jesus Christus die verwagte Messias (Grieks: Christos) en die Seun van God is en dat hulle deur *te bly glo* (onvoltooid teenwoordige tyd) die ewige lewe mag hê deur Jesus Christus, die Middelaar tussen God en mense.

Jesus Christus is die sigbare openbaring van die onsigbare God (Kolossense 1:15). Die volheid van die Godheid woon liggaamlik in Jesus Christus (Kolossense 2:9). Jesus Christus is die sigbare Afstraling van God se heerlikheid (d.i. goddelike attribute, kenmerke) en die presiese Afdruk (Verteenwoordiging)(Grieks: charaktér) van God se selfstandigheid (natuur, essensie, wese, werklikheid)(Grieks: hupostasis) (Hebreërs 1:3). Jesus Christus besit nie net die wese (die natuur) van die ewige en lewende God en is volledig gelyk aan God nie, maar het ook die menslike natuur

daarby aangeneem. Hy het die wêreld wat deur Hom geskep is en die menslike geskiedenis binne gekom, het 'n Dienaar van mense geword (Markus 10:45) en sterf uiteindelik vir sondaars (Filippense 2:5-8). Daarom is Hy ook verhoog tot die allerhoogste plek in die heelal (d.i. die troon van God), het die naam ontvang wat bo alle name is (d.i. die Naam: Jesus Christus is Heer<sup>1</sup>) en die versekering dat elke knie voor Hom sal buig en elke tong sal bely dat Hy 'die Here' is (Filippense 2:9-11). Daarom sê Johannes dat Jesus Christus 'God' is (Johannes 1:1)! Hy het die menslike natuur daarby aangeneem en onder ons in die geskape wêreld en die menslike geskiedenis kom woon (Johannes 1:14) ten einde die bonatuurlike, onsigbare en ondeurgrondelike God aan mense te openbaar en te verklaar (Johannes 1:18). Daarom sê Jesus Christus ook dat Hy en God die Vader één is (Johannes 10:30) en elkeen wie Jesus Christus gesien het, ook God die Vader gesien het (Johannes 14:9-10).

## B. DIE INDELING EN TITELS VAN DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

### 1. Die titel van die Evangelie van Johannes.

Ek sou graag die volgende titel aan die Evangelie van Johannes wil gee:

"Jesus Christus (die Messias), Die Woord van God, die Seun van God."

### 2. Die indeling van die Evangelie van Johannes.

Die Evangelie van Johannes kan in twee onderdele verdeel word, naamlik, die openbare en die beslote bediening van Jesus.

(1) Die openbare bediening van Jesus Christus.

Dit bestaan uit hoofstukke 1 tot 12 en word weer in drie dele verdeel deur twee feeste in Jerusalem:

- Johannes 1-6 beskryf die gebeure vóór die Huttefees (Oktober 29 n.C.) (Johannes 7:2).
- Johannes 7-10 beskryf die gebeure ná die Huttefees.
- Johannes 10:40 - 12:50 beskryf die gebeure ná die fees van die Tempelwyding (December 29 n.C.) (Johannes 10:22).

(2) Die beslote bediening van Jesus Christus.

Dit bestaan uit hoofstukke 13 tot 21. Dit is die gebeure gedurende die laaste sewe weke van Jesus Christus op die aarde (30 n.C.). Dit kan in vier onderdele verdeel word:

- Johannes 13 beskryf die laaste paasmaaltyd (Pasga).
- Johannes 14-17 gee die redevoering en gebed van Jesus Christus tydens die laaste paasmaaltyd weer.
- Johannes 18-19 beskryf die lyding van Jesus Christus gedurende sy gevangeneeming, verhore en kruisiging.
- Johannes 20-21 beskryf die opstanding en verskynings van Jesus Christus.

## C. DIE LEERSTELLIGE GEVOLGTREKKINGS VAN DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

Daar is verskillende belangrike leerstellings in die Evangelie van Johannes, soos byvoorbeeld:

(1) God die Vader het Jesus Christus *gestuur*

(Johannes 3:17,34-35; 4:34; 5:23-24; 6:29,38,39,44; 10:36; 12:44-45; 13:20; 17:3,21,23). God die Vader *neem die inisiatief in die verlossing*.

(2) Jesus Christus is God

(Johannes 1:1,18; 3:31,34-35; 5:17-23; 6:46; 8:19,23,24,58; 10:30; 12:44-45; 13:3,20; 14:7,9,10; 15:23; 17:2,24; 20:28). God die Seun *verdien (verwerf) die verlossing*.

(3) Die Heilige Gees is die Verteenwoordiger van Jesus Christus op die aarde

(Johannes 7:37-39; 14:16,17,26; 15:26; 16:13-15). God die Gees *pas die verlossing toe*.

(4) Wedergeboorte is die reg (prerogatief) van God en *die eerste vereiste vir verlossing*

(Johannes 1:13; 3:3-8; 6:44,65; 12:32).

(5) Geloof is die verantwoordelikheid van die mens en is *die tweede vereiste vir verlossing*

(Johannes 1:12; 3:16,18,36; 5:24; 6:28-29,35,40; 7:38-39; 8:24; 12:36,44; 14:1; 20:29,31).

(6) Verlossing word sigbaar uitgedruk in 'n nuwe lewe

van geloof (Johannes 3:16), liefde (Johannes 13:34-35) en hoop (Johannes 14:1-3).

(7) Wonders word 'tekens' genoem,

omdat hulle wys na die geestelike werklikhede van verlossing.

Die wonderwerk van die voeding van die vyfduisend (Johannes 6:1-15) is die teken dat Jesus Christus 'die Brood van die lewe' is (Johannes 6:35). Die opstanding van Lasarus uit die dood (Johannes 11:38-47) is die teken dat Jesus Christus 'die Opstanding en die Lewe' is (Johannes 11:25-26). Die doel van die wondertekens is om geloof in Jesus Christus op te wek en te versterk (Johannes 12:37; 20:30-31).

<sup>1</sup> Grieks: kurios en Hebreeus: JaHWeH, die Naam van God in Exodus 3:14.

In hierdie les beperk ons ons tot die onderrig van die leerstelling dat Jesus Christus God is. Die apostel Johannes benadruk die feit dat Jesus Christus die goddelike natuur besit en van ewigheid af saam met God die Vader bestaan. Ook dat Hy daarby die menslike natuur by sy menswording aangeneem het sonder om sy goddelike natuur af te lê. Hy het nou vir ewig 'n goddelike en 'n menslike natuur! (Sien vir meer besonderhede 'Die aard van God en die Seun van God' in Handleiding 2, Supplement 8).

### 1. Jesus Christus is die Woord van God.

In die menslike taalgebruik gee 'n woord uitdrukking aan 'n gedagte en openbaar hierdie gedagte aan andere. So word Jesus Christus in Johannes 1:1 'die Woord (Grieks: logos) van God' genoem, omdat Hy die uitdrukking van die innerlike gedagtes (denke of siel) van God is en Hy God aan mense geopenbaar het. Jesus Christus is die sigbare uitdrukking (beeld of openbaring) van die onsigbare God (Kolossense 1:15) en openbaar die heerlikheid van die Almagtige God aan mense in menslike woorde en in beperkte menslike ervarings.

Nét Jesus Christus was teenwoordig by God (Johannes 1:1) om te sien wat God die Vader doen (Johannes 5:19), om te hoor wat God die Vader sê (Johannes 7:16; 8:28; 12:49-50; 14:10,24), om Hom en sy gedagtes en planne te ken (Johannes 7:29; 8:14,54-55; 10:15; 17:25), om van God die Vader alles te ontvang wat Hy aan sy dissipels gegee het (Johannes 17:7) en om te sê wat God die Vader Hom geleer het om te sê (Johannes 8:38). Jesus Christus het aan mense alles geopenbaar wat hulle oor God en God se raadsplan moet weet. Daar is baie profete van God (wat *praat oor* God en *wys na* God toe), maar net Één (Jesus Christus) is die Woord van God (wat God Self sigbaar geopenbaar het)! Jesus Christus is die enigste Woord van God en ook die beslisende Woord van God aan mense (Hebreërs 1:1-2)! Hy is die enigste uitdrukking (eksegese, uitleg) van die natuur (die wese), die woorde en dade van God in die menslike geskiedenis (Johannes 1:18). Vóór die eerste koms van Jesus Christus was daar net profete en ná sy koms was daar apostels, maar buiten Jesus Christus is daar geen ander Openbaring van God Self nie!

### 2. Jesus Christus is die Seun van God.

Die uitdrukking 'Seun van God' verwys NIE na die wydverspreide misverstand dat Jesus 'n fisiese seun van God sou wees nie. Dit is eerder 'n uitdrukking van die gedagte dat die ondeurgrondelike, onsigbare en ontoeganklike God Self die menslike natuur aangeneem het en sy skepping en die menslike geskiedenis betree het in en deur Jesus Christus!

Die Bybel praat oor vier soorte 'seuns': 'n fisiese seun, 'n geestelike seun, 'n simboliese seun en 'n Enigste (Eniggebore) Seun. (Vergelyk vir meer besonderhede oor die aard van God en die Seun van God: Handleiding 2, Supplement 8).

### 3. Jesus Christus het lewe in Homself.

In Johannes 5:26 sê Jesus: "Soos die Vader die lewe in Homself het, het Hy die lewe ook aan die Seun gegee om dit in Homself te hê." Ook dít beskryf die bonatuurlike, ontologiese, trinitariese en ewige Seunskap van Jesus Christus. Mense en alle ander lewende wesens besit nie hierdie 'lewe-in-sigself' nie, omdat hulle almal uit niks geskep is en hulle lewe te danke het aan hulle Skepper. Maar God die Vader en God die Seun besit wel hierdie 'lewe-in-Homself'.

Niemand anders as God die Vader besit hierdie 'lewe-in-Homself' inherent nie, omdat net Hy nie gebore en nie geskep is nie. Hy is in sy wese die lewende God en volledig selfgenoegsaam. Maar God die Vader het sy reg (prerogatief) om lewe-in-Homself te hê van alle ewigheid af, meegedeel aan God die Seun. Dit is die betekenis van die uitdrukking 'Eniggebore' m.b.t. God die Seun (Vergelyk AOV Joh 1:18, 3:16 en 18 en 1 Joh 4:9). Jesus Christus is gebore, maar nie geskep nie. 'Gebore' beteken dat God die Vader sy 'lewe-in-Homself' in die ewigheid vóór die skepping van die heelal en tyd aan God die Seun geskenk het. Dit het nie eers gebeur by die menslike geboorte of die doop met water van Jesus Christus nie. Dit is 'n ewige daad en deel van die unieke verhouding tussen God die Vader en God die Seun wat al "in die begin" bestaan hét. *In die ewige orde* deel God die Vader hierdie lewe-in-Homself mee aan God die Seun en *in die tydelike orde* het God die Seun hierdie lewe-in-Homself aan mense op die aarde geopenbaar. In 1 Johannes 1:2 word God die Seun voorgestel as die beliggaming van hierdie "ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar" is.

### 4. Jesus Christus is die lewe en die lig.

In Johannes 1:4-9 word Jesus Christus 'die lewe' genoem, omdat Hy al God se attribute (eienskappe) besit; en Hy word 'die lig?' genoem, omdat Hy God se attribute (eienskappe) sigbaar uitdruk (openbaar, manifesteer). Die uitdrukking 'lewe' verwys na die volheid van God se wese, na God se heerlike attribute soos alwetendheid (d.i. sy waarheid, kennis, wysheid en eerlikheid of waaragtigheid) en sy almag, sy alomteenwoordigheid, sy heiligheid, sy liefde, sy soewereiniteit in alles, ens.

Wanneer hierdie 'lewe' geopenbaar word, word dit 'lig' genoem! Dus, Jesus Christus is die sigbare uitdrukking (openbaring, manifestasie) van die onsigbare God en sy attribute. Byvoorbeeld, mense kan alleen die onsigbare God, sy liefde en sy lewe ken en ervaar deur Jesus Christus (Johannes 5:21; 14:6; vergelyk Matteus 11:27).

### 5. Jesus Christus is één met God die Vader.

In Johannes 5:17-23 maak Jesus Christus bepaalde aansprake wat Homself betref. Die Jode het sy aansprake begryp, maar dit tog verwerp!

(1) Jesus Christus maak daarop aanspraak dat Hy,  
wat die Goddelike Wese betref, gelyk is aan God die Vader (Johannes 5:17-18).

Jesus noem God sy Vader. Die Jode het onmiddellik begryp dat Jesus Christus aanspraak maak op Godheid in die hoogste sin van die woord. Hulle het begryp dat Jesus Christus gesê het dat Hy in wese gelyk is aan God die Vader. Hierdie aanspraak van Jesus Christus was of die grootste godslastering denkbaar wat met die dood gestraf moes word, of dit was die heerlikste waarheid denkbaar wat in geloof aangeneem moet word. God die Vader en God die Seun het dieselfde wese (dieselfde natuur).

Wat meer is, Jesus Christus het aanspraak gemaak dat Hy wat die goddelike werke betref ook gelyk is aan God die Vader! Net soos God die Vader is Jesus Christus aan die werk: onderhou Hy die heelal wat geskep is (Hebreërs 1:3; Kolossense 1:17) en red Hy mense van hulle sondes (Jesaja 43:10-11; Lukas 19:10; Johannes 10:9). Hierdie aanspraak van Jesus was die werklike rede waarom die Jode Jesus wou doodmaak (Johannes 10:28-31).

(2) Jesus Christus het daarop aanspraak gemaak dat Hy,  
wat die werke van God betref, gelyk is aan God die Vader (Johannes 5:19-22).

Hy het gesê: “Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen.” Die handeling wat hulle oorsprong by God die Vader het, word deur God die Seun uitgevoer (gemanifesteer). Die Seun sien wat die Vader Hom wys en openbaar dan die denke van die Vader deur woord en daad aan mense. Die Seun begryp die wil van die Vader en voer dit op die aarde uit. Veral twee handeling word beklemtoon: om lewe te gee aan die wat dood is en om die oordeel uit te voer.

Jesus Christus maak daarop aanspraak dat Hy dieselfde gesag as God die Vader het om nou in die teenwoordige tyd geestelike lewe te skenk (gee) aan geestelik dooie mense en in die toekoms by die opstanding onsterflike fisiese lewe te skenk (gee) aan liggaamlike dooie mense. Jesus Christus maak ook aanspraak daarop dat God die Vader die laaste oordeel aan Hom gegee het, sodat God die Seun dieselfde eer as God die Vader mag ontvang!

(3) Jesus Christus maak daarop aanspraak dat Hy,  
wat eer betref, gelyk is aan God die Vader (Johannes 5:22-23).

Hy het gesê: “Die oordeel het Hy (die Vader) geheel en al aan die Seun oorgelaat, Daarom moet almal die Seun eer soos hulle die Vader eer. Wie nie die Seun eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie.” As ’n beloning vir sy gehoorsaamheid tot in die dood toe, het God die Vader aan God die Seun die Naam bo alle name gegee! Die Naam van Jesus Christus is bô die name van alle wesens wat geskep is, bô die name van alle politieke leiers *en bô die naam van elke godsdienstige profeet!* In die Naam van Jesus Christus sou elke knie van hulle wat in die hemel, en die wat op die aarde is, en die wat onder die aarde is hulle buig en elke tong bely dat Jesus Christus die Here is, tot verheerliking van God die Vader (Filippense 2:9-11). Dieselfde eer behoort ook aan God die Vader (Jesaja 45:21-23)! Dus, wanneer Jesus Christus hierdie eer ontvang, word die eer van God die Vader nie verminder of aan ’n ander’ gegee nie, maar aan die Een Ware God. Die eer van God word juis vermeerder, omdat Jesus Christus hierdie eer tot verheerliking van God die Vader ontvang (Filippense 2:11). Wanneer God die Seun verhoog word, dan word God die Vader verhoog. Daar is onder die hemel geen ander Naam onder die mense gegee waardeur God wil dat mense verlos moet word nie (Handelinge 4:12)!

(4) Jesus Christus maak daarop aanspraak dat Hy  
wat sy Goddelike Wese betref, één is met God die Vader (Johannes 10:30-33).

Hy het gesê: “Ek en die Vader is één.” Jesus Christus het nie hiermee gesê dat God die Vader en God die Seun *uiterlik* één is nie, d.w.s., één is in die doel wat Hulle het of één is in die werke wat Hulle doen nie. Hy verwys na die feit dat Hulle één is in Hulle *innerlike* wese (natuur). As Hy sê, “Ons is”, dan praat Hy oor twee Persone, twee Innerlike Onderskeidings in die een Goddelike Wese. En as Hy sê, “één”, dan praat Hy oor één Werklikheid (Selfstandigheid), één Goddelike Wese. Jesus Christus leer dat God die Vader en God die Seun twee Persone is, maar één Selfstandigheid vorm. Hoewel die Bybel nie die woord ‘Triniteit (Drie-eenheid)’ gebruik nie, is die leerstelling oor die Triniteit (Drie-eenheid) wel Bybels! Die God van die Bybel het Homself geopenbaar as één God in Wese (Werklikheid, Selfstandigheid, Substantie), maar met drie onderskeibare Persone.

Van ’n hemelse oogpunt het die één, ewige en lewende God van die Bybel Homself geopenbaar as één Goddelike Wese met drie innerlike onderskeidings:

- As God die Vader is Hy God in die hemel bô mense op die aarde (1 Timoteus 6:15-16).
- As God die Seun is Hy God wat die menslike natuur aangeneem en sy skepping en die menslike geskiedenis binnegekom het (Filippense 2:5-11)
- En as God die Heilige Gees is Hy God wat nou in die liggame van gelowiges (Christene) en in die Christelike Kerk/Gemeente leef (1 Korintiërs 6:19-20; Efesiërs 2:22).

Van ’n aardse oogpunt aanbid Christene één Goddelike Wese met drie innerlike onderskeidings:

- Christene bid tot God as God die Vader (Matteus 6:9; Efesiërs 3:14-15) en leef hulle lewe tot eer van God die Vader (Romeine 11:36; 1 Korintiërs 10:31).
- Christene ken en nader tot God deur God die Seun (1 Timoteus 2:5). Hulle word geregverdig, versoen en gered (verlos) deur die soenoffer van God die Seun (1 Timoteus 2:6; Romeine 3:24-25; 5:9-10).

- En Christene word versterk met krag (Efesiërs 3:16) en geheilig en getransformeer na die gelykenis van God deur God die Heilige Gees (2 Korintiërs 3:18).

Lees meer oor die eenheid tussen God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees in Matteus 28:19, Romeine 8:9-10 en Efesiërs 3:14-21.

Johannes 10:30 is baie belangrik, omdat dit beide *die eenheid in die Wese* van God *die diversiteit van drie Persone* in die eenheid van die Godheid handhaaf.

- Johannes 10:30 verwerp die valse leerstelling van die volgelingen van Sabellius ('n Libiër, 3<sup>de</sup> eeu n.C.) wat die eenheid van God erken het, maar die diversiteit van drie Persone in hierdie eenheid verwerp het. Sabellius het die Vader, die Seun en die Gees as *drie verskyningsvorme* van God beskryf, net soos die son, sy lig en sy warmte drie verskyningsvorme van dieselfde werklikheid is.
- Johannes 10:30 verwerp ook die valse leerstelling van die volgelingen van Arius ('n Libiër, 4<sup>de</sup> eeu n.C.) wat die subordinasie/ondersgeskiktheid van God die Seun aan God die Vader leer, maar die eenheid in die wese van God ontken.

In Johannes 10:31-33 het die Jode goed begryp dat Jesus Christus sy absolute gelykheid aan God die Vader bevestig het, omdat die Jode sy stelling as godslastering beskou het.

Daarom waarsku Jesus Christus die Jode (en ander godsdienste vandag): “As julle nie glo dat EK IS (WAT EK IS) nie, sal julle in julle sondes sterwe” (Johannes 8:24)! Hierdie woord EK IS in Johannes 8:24 beteken presies dieselfde as die Naam in Eksodus 3:14-15, waar die HERE sy naam openbaar as: EK IS WAT EK IS. Dit is nie voldoende dat mense glo dat Jesus Christus net maar ‘n profeet’ of ‘n goeie mens’ was nie. Nee, tensy mense glo dat Jesus Christus alles is waarop Hy aanspraak maak, sal hulle verseker in hulle sondes sterf! D.w.s. hulle sal nie na die Paradys toe gaan nie, maar na die hel toe! Dit is absoluut essensieel dat mense glo dat Jesus Christus absoluut gelyk is aan God die Vader, dat Hy die sigbare Beeld van die onsigbare God is, en dat Hy die sigbare openbaring van die EK IS WAT EK IS in Eksodus 3:14-15 is!

## 6. Jesus Christus het twee nature: Hy is waarlik God en waarlik Mens.

In Johannes 14:28-29 het Jesus gesê: “As julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader toe gaan, omdat die Vader groter is as Ek. En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo wanneer dit gebeur.” Net wanneer mense hierdie vers gaan uitlê los van die res van die Bybel, kan mense (ten onregte) die gevolgtrekking maak dat Jesus nie God is nie en dat Hy nie één is met die Almagtige God nie. Hulle gevolgtrekking is egter verkeerd, omdat as hierdie vers in die konteks van die Evangelie van Johannes uitgelê word, dit duidelik is *dat Jesus Christus hier nie verwys na sy goddelike natuur nie, maar na sy menslike natuur!*

In watter sin is God die Vader ‘groter as’ Jesus Christus? Volgens Johannes 10:30 *is Jesus Christus as die Eniggebore Seun van God heeltemal gelyk aan God die Vader* m.b.t. sy Goddelike Wese. Dit leer Filippense 2:6, Kolossense 2:9 en Hebreërs 1:3 ook. Maar volgens Johannes 14:28 *is Jesus Christus as Middellaar tussen God en mense ’n Mens en daarom minder as God die Vader*. Die goddelike natuur van God is baie meer as die menslike natuur van Jesus Christus! Dit leer Johannes 10:29, 1 Korintiërs 15:28 en Filippense 2:7-8 ook.

Jesus Christus het twee nature: as God is Hy volledig gelyk aan God die Vader, maar as Mens is Hy minder as God die Vader! Maar omdat die twee nature van Jesus Christus nooit van mekaar geskei is nie en omdat Jesus Christus nooit geskei van God die Vader en God die Heilige Gees is nie, moet Christene Jesus Christus as die sigbare openbaring (manifestasie) van die onsigbare God beskou.”

Die Ou Testament en die Nuwe Testament leer duidelik dat Jesus Christus “die sigbare openbaring (manifestasie) van die onsigbare Almagtige God is” (Hebreeus: ‘El Shaddai’ beteken Almagtige). In Jesaja 10:20-23 word die HERE (Hebreeus: JaHWeH), die Heilige van Israel, ‘die Magtige God’ (Hebreeus: El Gibor) sowel as ‘die Here HERE Almagtige’ (Hebreeus: Adonai JaHWeH Tsibaath, die HERE van die hemelse leërskaare van engele) genoem. En in Jesaja 9:6 word Jesus Christus ‘die Magtige God’ (Hebreeus: El Gibor) genoem en in Openbaring 1:8 word Hy ‘die Almagtige’ genoem (Die woord ‘pantokratór’ in die Griekse vertaling van die Ou Testament is die vertaling van die Hebreeuse woorde ‘El Tsibaath’ en ‘El Shaddai’)!

In Openbaring 1:8 staan geskryf: “EK IS die Alfa en die Omega, (die Begin en die Einde) sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.” Die onmiddellike konteks (Openbaring 1:7,12) bewys dat die aanspraak van Jesus Christus, naamlik, dat Hy en die Vader één is (Johannes 10:30), waar is en dat Jesus Christus die volmaakte en ewige openbaring van God aan mense is (Kolossense 1:15; Hebreërs 1:3).

Daarom, laat niemand (ook ander godsdienste) Jesus Christus oneer aandoen deur Hom minder as God die Vader te maak nie! Johannes 5:23 leer dat alle mense Jesus Christus moet eer soos hulle die God van die Bybel eer! Wie Jesus Christus nie eer nie, eer daarmee ook nie vir God nie!

## D. DIE PRAKTIESE LESSE UIT DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

Daar is baie praktiese lesse te leer uit die Evangelie van Johannes. In hierdie les vat ons net die praktiese lesse m.b.t. die boodskap van die evangelie, evangelisasie en die enigste Weg na God saam. Die boodskap van die evangelie het vyf waarhede: die waarheid aangaande God, die waarheid aangaande die mens, die waarheid aangaande Jesus Christus, die waarheid aangaande verlossing, en die waarheid aangaande die nuwe lewe in Jesus Christus.

### 1. Die waarheid oor God.

Johannes 1:1,14,18 leer dat God die Vader Homself openbaar in God die Seun. 1 Johannes 1:5 leer dat God 'Lig' is en Johannes 3:19 leer dat die Lig in die wêreld gekom het. Johannes 4:23-24 leer dat God Gees is en die wat Hom aanbid moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid. Johannes 3:16 en 1 Johannes 4:8-9 leer dat God liefde is en dat God sy liefde aan mense openbaar deur sy Enigste Seun in die wêreld te stuur sodat hulle deur Hom die ewige lewe kan verkry. Johannes 6:35-46 leer dat God die Vader mense in die wêreld op 'n baie soewereine wyse aan Jesus Christus gee en hulle op 'n onweerstaanbare wyse na Jesus Christus toe trek.

### 2. Die waarheid oor die mens.

Johannes 1:10-11 leer dat die wêreld Jesus Christus nie erken het nie en ook nie verwelkom het nie. Johannes 3:3-8 leer dat die natuurlike mens verlore is en nie die Koninkryk van God kan ingaan nie. 'n Mens moet weergebore wees om gered (verlos) te kan word. Johannes 3:16-18,36 leer dat alle mense wat nie in Jesus Christus glo nie, verlore is. *Hulle is almal veroordeel en bly onder die straf (toorn) van God* (tensy hulle hul bekeer). 'n Mens moet in Jesus Christus glo om gered (verlos) te word. Johannes 8:21-24 leer dat wie nie glo nie, net maar die (ewige) dood sal sien. Johannes 9:39-41 leer dat wie weier om sy sonde te erken, geestelik blind en verlore is.

### 3. Die waarheid oor Jesus Christus.

Johannes 1:29 leer Jesus Christus is 'die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem'. Johannes 3:14-15 en Johannes 12:23-24 leer dat Jesus Christus aan die kruis *moet* sterf. Sonder sy soendood, wat versoening vir sondes bring, kan geen mens gered (verlos) word nie. Johannes 14:6 leer dat Jesus Christus die enigste Weg tot God die Vader is, die enigste Openbaring (Waarheid) oor wie God is en die enigste Gewer van die ewige lewe is. Johannes 10:7-10 leer dat Jesus Christus die enigste Deur is waardeur mense moet ingaan om gered (verlos) te word.

### 4. Die waarheid oor verlossing.

Johannes 1:12 leer dat Jesus Christus aan alle mense wat in Hom (Jesus Christus) glo (en dit bewys deur Hom aan te neem)(vergelyk Openbaring 3:20) die reg gee om kinders van God te wees (posisie) en steeds meer (sigbaar) kinders van God te word (proses). Johannes 3:16-18 leer dat wie in Jesus Christus glo nie langer veroordeeld staan nie (vergelyk Romeine 8:1), maar die ewige lewe het en dus van begin tot einde verlos sal word (Filippense 1:6). Johannes 6:40 leer dat wie na Jesus Christus kyk en in Hom glo, die ewige lewe het. Johannes 8:51 leer dat wie die woorde van Jesus Christus gehoorsaam, nooit die (ewige) dood (d.i. die hel) sal sien nie. Johannes 12:37-46 leer dat God elke mens verantwoordelik hou vir sy geloof of ongeloof!

### 5. Die waarheid oor die nuwe lewe in Christus.

Johannes 5:24 leer dat wie die boodskap van die Bybel hoor en glo, die ewige lewe het, nooit in die oordeel kom nie en alreeds uit die dood na die lewe toe oorgegaan. Johannes 10:26-29 leer dat wie in Jesus Christus glo, sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie en niemand hulle uit die hand van Christus kan ruk nie. Niemand en niks kan die kudde van God uit God se hand ruk nie. Johannes 10:27-28 leer dat gelowiges in Jesus Christus sekerheid van hulle verlossing mag hê. Johannes 15:1-17 leer dat die nuwe lewe in Jesus Christus uitgedruk word as: 'n voortdurende persoonlike verhouding met Jesus Christus, in die dra van baie en blywende vrug vir Jesus Christus en so God verheerlik. Johannes 11:25-26 leer dat die liggame van persone wat in Jesus Christus glo, by die wederkoms van Christus uit die dood sal opstaan.

### 6. Evangelisasie.

Johannes 1:39,43,46 leer dat jy mense moet uitnooi met die woorde: "Kom kyk!" wie Jesus Christus onder Christene is en hulle uit te nooi met die woorde: "Volg Jesus Christus!" Johannes 4 leer dat jy nooit mense moet 'dwing' nie, maar vir Jesus Christus moet 'wen'. En Johannes 4:35-38 leer dat God verskillende soorte van evangeliste gebruik: sommige Christene *saai* die saad van die evangelie en ander Christene *maai* die oes wat bestaan uit Christen bekeerlinge. Johannes 9 leer dat jy oor die hele mens begaan moet wees, oor sy gees, maar ook oor sy liggaam!

### 7. Die enigste Weg tot God.

Die Bybel leer duidelik: JESUS CHRISTUS IS DIE ENIGSTE WEG NA GOD TOE!

- Wie Jesus Christus *ontvang*, ontvang God (Matteüs 10:40).
- Wie Jesus Christus *verwerp*, verwerp God (Lukas 10:16).
- Wie Jesus Christus *eer*, eer God (Johannes 5:23a).
- Wie Jesus Christus *nie eer nie*, eer ook nie vir God nie (Johannes 5:23b).

- Nét hulle wat God die Vader aan Jesus Christus gee, kom na Jesus Christus toe en sal nooit uitgewerp word nie (Johannes 6:37,44).
- Wie Jesus Christus *ken*, ken God (Johannes 8:19).
- Wie Jesus Christus *liefhê*, het God lief (Johannes 8:42).
- Wie in Jesus Christus *glo*, glo in God (Johannes 12:44).
- Wie *luister* na die woorde van Jesus Christus, luister na die woorde van God (Johannes 12:47-50).
- Wie Jesus Christus *aanneem*, neem God aan (Johannes 13:20).
- Wie Jesus Christus *sien*, sien God (Johannes 14:9-10).
- Wie die gebooie en onderrig van Jesus Christus *gehoorsaam*, hom sal God liefhê en by hom kom bly (Johannes 14:21,23).
- Jesus Christus gee ewige lewe, openbaar God en bid vir mense wat God aan Hom gee (Johannes 17:2,6,9).
- Wie Jesus Christus *verloën*, het God nie (Johannes 2:23a).
- Wie Jesus Christus *bely*, het God (1 Johannes 2:23b).
- Wie Jesus Christus *bely*, het God in hom (1 Johannes 4:15).
- Wie Jesus Christus *liefhê*, het God lief (1 Johannes 5:1).
- Wie nie *bly in die leer van Christus nie*, het God nie (2 Johannes 9).

## E. DIE RELEVANSIE VAN HET EVANGELIE VAN JOHANNES

Die Evangelie van Johannes is baie belangrik en relevant vir alle mense wat vandag leef. Dit leer baie duidelik wie Jesus Christus is, wat Hy gedoen het en hoe mense in 'n persoonlike verhouding tot Hom kan kom. Dit leer die werk van die Heilige Gees en hoe Christene behoort te lewe. Dit leer ook goeie beginsels vir evangelisasie.

<b>5</b>	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> BID VIR ANDERE
----------	------------------	--

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

<b>6</b>	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	---

*Deel* die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die samevatting van die Evangelie van Johannes saam met 'n persoon of 'n klein groeple mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Genesis 22, 24, 27 en 28. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: (1) Die Koninkryk binnegaan. Johannes 3:3,5. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.

\*\*\*\*\*

## GAAN VOORT MET GROEI

Jy het aan die einde gekom van die DOTA KERK/GEMEENTE OPBOU kursus.

### 1. Stiltetyd.

Gaan steeds voort met jou tyd van persoonlike omgang met Jesus Christus (stiltetyd). Maak gebruik van die gekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge (vergelyk Handleiding 1, Aanvulling 1). Maak gebruik van 'n Bybelleesrooster (vergelyk Handleiding 1, supplement 2).

### 2. Memoriserings.

Gaan voort om 'n aantal Bybelverse wat jy uit jou Bybelleesprogram of Bybelstudie gekies het, uit jou kop te leer. Memoriseer belangrike Bybelverse op 'n gereelde basis (vergelyk Handleiding 1, supplement 5). Gaan voort om elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het te herhaal.

### 3. Bybelstudie.

Gaan voort om Bybelstudie te doen. Kies jou eie Bybelboek en maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge (vergelyk Handleiding 1, supplement 4). Dit is raadsaam om eerstens die belangrikste boeke in die Nuwe Testament te bestudeer voor jy begin om Bybelboeke uit die Ou Testament te bestudeer, omdat die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testamentiese openbaring uitgelê moet word. Vergelyk die inleidings van die Boeke van die Bybel in [www.dota.net](http://www.dota.net) in Engels onder “radio programmes”.

Jy kan ook verder gaan met die DOTA KONINKRYK UITBREIDING kursus. Sien [www.dota.net](http://www.dota.net) Handleiding 9-12, aard van die Koninkryk van God, ingaan in die Koninkryk van God, lewe in die Koninkryk van God en dien in die Koninkryk van God. In hierdie vier handleidings word byna alle gelykenisse van Jesus Christus oor die Koninkryk van God uitgelê.

### 4. Gebed.

Gaan voort om vir iemand of iets spesefieks in die komende week te bid en sien uit na wat God gaan doen (Psalm 5:4).

### 5. Christelike gemeenskap (omgaan met mekaar).

Gaan voort om met mekaar as Christene om te gaan in 'n dissipelskap groep, huisgemeente of groter plaaslike gemeente.

### 6. Dra vrug.

Gaan voort om baie en blywende vrug te dra (Johannes 15:5,8,16). Getuig oor Jesus Christus (sien Matteus 10:32; 1 Petrus 3:15-16). Versprei die evangelie op verskillende maniere. Wees vasberade om mense rondom jou te beïnvloed dat hulle nader aan Jesus Christus kom.

### 7. Dissipelskap.

Gaan voort om Jesus Christus te volg, leer van Hom en gehoorsaam sy woorde (sien Matteus 7:24-27).

## BEGIN NUWE GROEPE

As jy die opleiding saam met 'n dissipelskap groep voltooi het, kan jy twee dinge doen:

#### 1. Laat andere 'n nuwe groep begin.

Daag die lede van jou eerste dissipelgroep uit om sêlf 'n dissipelskap groep te begin. Laat hulle die DOTA kursusmateriaal gebruik. Hou aan om hulle op te lei en te bemoedig.

#### 2. Begin sêlf ook 'n nuwe groep.

Oorweeg biddend om self 'n aantal jong gelowiges te kies en hulle tot dissipels van Jesus Christus te maak.

Maak gebruik van die hele kursus of alleen 'n deel van die kursus. Die DOTA kursus bestaan uit die volgende drie dele:

GAAN MAAK DISSIPELS.	48 lesse in Handleiding 1 tot 4.
GAAN BOU DIE GEMEENTE.	48 lesse in Handleiding 5 tot 8
GAAN VERKONDIG DIE KONINKRYK.	48 lesse in Handleiding 9 tot 12